ANTWOORD AAN DIE UITGEWER OOR BERIG IN BEELD

Ek verwys na die berig "Ondersoek gelas na Krygkor-geld" deur me Erika Gibson, in Beeld van 22 Februarie 2006.

Dié berig beweer dat die moontlikheid bestaan dat Krygkor onreëlmatige betalings van miljoene rande se huurgeld ontvang. Krygkor het 'n vaste huurkontrak met die departement van openbare werke (DOW). Namate personeel in die departement van verdediging (DV) toeneem of beweging van personeel plaasvind, het die DV meer kantoorruimte in die Krygkor Gebou nodig. Die DV het besluit dat, soos meer kantoorruimte nodig word, hulle met Krygkor oor die ekstra ruimte sal onderhandel en die huur daarvoor direk aan Krygkor sal betaal. Hierdie weg was 'n meer sinvolle oplossing, aangesien die DV voortdurend behoefte aan kantoorruimte het. Die (meer omslagtige) alternatief sou wees om elke keer wanneer meer kantoorruimte benodig word, die DOW se kontrak met Krygkor te verander, wat klaarblyklik nie wenslik is nie.

Krygkor wil dit kategories stel dat daar hoegenaamd geen ongerymdhede bestaan wat die verhuring van akkommodasie in die Krygkor Gebou betref nie. Beide die DOW en die DV is huurders met afsonderlike huurkontrakte. Daar is geensins sprake van duplisering van betalings nie. Trouens, Krygkor se beproefde finansiële bestuurstelsel maak so iets onmoontlik.

Gerugte doen die rondte dat huurgeld wat aan Krygkor betaal word na 'n omkoopfonds vloei tot voordeel van lede van die Krygkor Pensioenfonds. Die huurgeld wat aan Krygkor betaal word, word gebruik om die oorbetaling wat Krygkor van die DV ontvang, aan te vul. Besonderhede van Krygkor se doen en late, wat sake betreffende die Krygkor Gebou en ander persele insluit, is in openbare verslae vervat wat jaarliks in die parlement ter tafel gelê en in detail deur die Potefeuljekomitee op Verdediging bespreek word. Hierdie verslae word ook deur die Ouditeur-Generaal geoudit, en nog geen ongunstige verslag is ontvang nie. Selfs die gekose komitee vir openbare rekeninge (SKOOR) het nog geen negatiewe kommentaar uitgespreek nie.

Krygkor roem hom op gesonde finansiële bestuur- en beheerstelsels wat nie sou toelaat dat individue hul hande in die staatskoffer steek nie. Ons is bereid om ons finansiële verslae vir openbare ondersoek beskikbaar te stel sodat enige lid van die publiek of die media kan vasstel of daar individue in Krygkor is wat aan die beweerde wangedrag skuldig kan wees. Krygkor het en sal nog altyd die belange van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) en die DV eerste stel. Ons sal nie opsetlik by aktiwiteite betrokke raak wat ons belangehouers oneer sal aandoen nie.

Bertus Celliers
Bestuurder Korporatiewe Kommunikasie
Krygkor
Tel 012 428 2719
Faks 012 428 3641
Sel 082 771 7803
bertusc@armscor.co.za
www.armscor.co.za